Afdeling 30:	Optrede wat op 'n minibus-taxi of bus verbied word..... 26
Afdeling 31:	Oproerige of onweloweglike gedrag..... 27
Afdeling 32:	Skade aan munisipale eiendom word verbied..... 27
Afdeling 33:	Oortredings en straf..... 27
Afdeling 34:	Herroeping van vorige Verordeninge..... 28

2. Nie diskriminerend nie

- (a) Onderhewig aan die bepaling van onderafdeling (b) hiervan, sal geen bepaling van hierdie Verordeninge toegepas word om te diskrimineer tussen mense op grond van ras, godsdiens of geslag nie, en dit sal ook nie so opgevat word dat dit sulke diskriminasie magtig nie.
- (b) Ondanks die bepalings van onderafdeling (a) hiervan, kan diskriminasie op grond van geslag uitdruklik gemagtig word ooreenkomstig enige bepaling van hierdie verordeninge wat die dra van ongepaste klere in 'n openbare plek beskryf of 'n beperking plaas op die toegang van persone tot openbare geriewe, toilette en kleedkamers of verskillende standarde vir sulke geriewe voorskryf.

DEEL 1: DEFINISIES

Vir die doel van hierdie Verordeninge sal enige woord, waaraan daar 'n betekenis toegeskryf is in die Nasionale Padverkeerswet of die Padverkeersregulasies daaronder uitgevaardig, dieselfde betekenis in hierdie Verordeninge hê. In die geval van enige teenstrydighede in die betekenis, sal die betekenis soos beskryf in die Nasionale Padverkeerswet 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) van krag wees. Tensy die konteks iets anders aandui, sal die ondergenoemde woorde die volgende betekenis hê:

“Wet” beteken die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996)

“Gemagtigde Beampte” beteken iemand wat voertuie ondersoek, iemand wat bestuurders-lisensies ondersoek, of verkeersbeampte en ook enigiemand anders wat van tyd tot tyd, volgens regulasie deur die Minister van Vervoer as 'n gemagtigde beampte verklaar is, en sal 'n konstabel insluit, soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996)

“Verordening” beteken 'n Verordening wat opgetrek is kragtens Afdeling 80A van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) gelees saam met afdeling 31(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet Nr. 117 van 1998)

“Munisipale Bestuurder” beteken die Beampte wat behoorlik aangestel is deur die Raad in hierdie posisie of enigiemand wat gemagtig is om namens hom op te tree

“Kondukteur” beteken die persoon in diens van die “operateur” wat in beheer is van 'n minibus-taxivoertuig en/of bus met die doel om passasiersgeld daarop in te samel, en sal, in die geval van 'n eenmanvoertuig, die werknemer insluit wat in beheer is van hierdie voertuig;

“Raad” beteken die Endumeni Munisipale Raad en sluit enigiemand in met ge-delegeerde gesag om namens die Raad op te tree

“Bestuurder” beteken enigiemand wat 'n voertuig vir openbare vervoer bestuur of pro-beer bestuur

“Oorstaan” is die parkering van 'n minibus-taxi en/of bus tussen ritte

“Metertaxi” beteken 'n voertuig vir openbare vervoer wat toegerus is met 'n geseëlde meter, wat in goeie werkende toestand is, met die doel om te bepaal hoeveel passasiersgeld betaalbaar is, wat vir sulke passasiersgeld gekalibreer is of wat aan enige ander vereistes vir sulke meters voldoen.

“Midibus-taxi” beteken 'n subkategorie van bus, uitsluitlik of hoofsaaklik ontwerp of omgebou om meer as 16 en minder as 35 sittende persone (insluitende die bestuurder) te vervoer

“Minibus-taxi” beteken 'n voertuig vir openbare vervoer wat uitsluitlik of hoofsaaklik ontwerp is vir die vervoer van nie meer as vyftien passasiers en nie minders as nege nie, insluitende die bestuurder, en wat gebruik word vir verhuur of beloning en teen huur en beloning bedryf word of ry of soos gedefinieer word deur toekomstige wetgewing met betrekking tot ongeskeduleerde dienste

“Minibus-taxi-operateur” beteken die persoon wat verantwoordelik is vir die gebruik van 'n minibus-taxi, en wat geregistreer is as die operateur by die Provinsiale Registrateur en kragtens die Nasionale Padverkeerswet

“Minibus-taxi- en/of busstaanplek” is enige plek wat deur die Raad opsygesit is, wat deur middel van voorgeskrewe padtekens en/of verkeerstekens gemerk is en genummer is, vir die uitsluitlike gebruik van die minibus-taxi of bus wat die gepaste minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf vertoon

“Minibus-taxi- of busstaanplek-permit” is geskrewe toestemming wat deur die Raad uitgereik is vir 'n minibus-taxi- of busoperateur om vanaf 'n spesifieke minibus-taxi- of busstaanplek te werk

“Minibus-taxi of busstaanplek-permitskyf” is 'n skyf, wat deur die Raad uitgereik word, wat aandui watter staanpleknommer deur die minibus-taxi of bus gebruik kan word wat daar die minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf vertoon

“Minibus-taxi- of bushalte” is 'n gebied wat aangedui word deur voorgeskrewe padtekens en/of verkeerstekens, wat deur die Raad aange wys is vir die uitsluitlike gebruik van 'n minibus-taxi of bus wat die gepaste minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf vertoon, alleenlik vir die op- en aflaai van passasiers en dit is nie 'n plek om te parkeer of oor te staan nie

“Polisiebeampte” beteken 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, of wetlike opvolger

“Openbare bus of bus” 'n voertuig vir openbare vervoer wat uitsluitlik of hoofsaaklik ontwerp is om meer as 15 passasiers te vervoer en gebruik word vir verhuur en beloning en teen huur en beloning bedryf word of ry kragtens 'n geskeduleerde diens en waarvoor 'n openbare padvervoerderpermit deur 'n Plaaslike Padvervoerraad uitgereik is op 'n roete wat val in of gedeeltelik val in die jurisdiksiegebied van die Raad

Enkelvoud/Meervoud in hierdie Verordening, tensy die konteks iets anders aandui, sluit 'n uitdrukking wat enige geslag aandui, die ander geslag in, 'n natuurlike persoon, 'n regspersoon en andersom, en die enkelvoud sluit die meervoud in en andersom

DEEL 2 OPRIGTING EN BEHEER VAN MINIBUS-TAXI- EN/OF OPENBARE BUSSTAANPLEKKE EN -HALTES**Afdeling 1: Oprigting van minibus-taxi- en/of bus-staanplekke en -haltes**

- (1) Hierdie Verordeninge is van toepassing op alle minibus-taxi- en busstaanplekke en -haltes, wat deur die Raad opsygesit is of hierna opsygesit sal word as minibus-taxi- en/of busstaanplekke of -haltes vir minibus-taxi's en/of busse wat gemagtig is om dit te gebruik deur 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is

- (2) Minibus-taxistaanplekke en busstaan-plekke of -haltes sal dié wees wat in die skedules uiteengesit word wat deur die afgevaardigde beampte van die Raad voorberei is en wat van tyd tot tyd ge-wysig word.

Afdeling 2: Aanwysing van minibus-taxi- en/of bus-staanplekke en -haltes vir minibus-taxi's en/ of busse

Die opsysitting van minibus-taxi- of busstaan-plekke en -haltes vir alleenlike gebruik deur minibus-taxi's of busse sal teweeggebring en bepaal word deur die oprigting, merk of plasing by sulke plekke (of dit op 'n openbare pad is of nie), soos wat die Raad sal bepaal, van die gepaste padverkeerstekens wat deur die Regulasies kragtens die Wet voorgeskryf word.

Afdeling 3: Afbakening in minibus-taxi- of busstaan-plekke

Die Raad mag in elke staanplek 'n spesifieke gebied of gebiede afbaken vir 'n spesifieke doel of doeleindes, soos die op- of aflaai van passasiers, oorstaan, informele handelaars.

Afdeling 4: Toewysing van minibus-taxi- of busstaan-plekke en -haltes

- (1) Die staanplekke wat opgerig is kragtens Afdeling 1 sal vir die uitsluitlike gebruik van minibus-taxi's of busse wees wat geldige minibus-taxi- of busstaanplek-permitskywe vertoon wat ten opsigte van hierdie minibus-taxi- of busstaanplek uitgereik is (op voorwaarde dat hierdie beperking nie van toepassing sal wees op 'n minibus-taxi of bus, waarvan die vervanging of afwisseling kragtens Afdeling 14 gemagtig is).
- (2) Die haltes wat kragtens Afdeling 1 opgerig is, sal of vir die algemene gebruik wees van alle minibus-taxi's of busse wat op daardie roete bedrywig is, of dit sal toegewys word aan 'n spesifieke operateur, assosiasie, roete of bestemming soos aangedui op die padverkeersteken wat by hierdie haltes opgerig is.

Afdeling 5: Oorstaan- en stihoutyd by minibus-taxi of busstaanplekke en -haltes

- (1) Die Raad mag, deur middel van 'n padverkeersteken wat by of naby die staanplek opgerig is, die maksimum aaneenlopende tydperk bepaal waarin minibus-taxi's of busse in 'n staanplek mag oorstaan.
- (2) Geen minibus-taxi of bus sal toegelaat word om by 'n minibus-taxi- of bushalte te stop vir 'n langer tydperk as wat redelikerwys nodig is om passasiers af te laai of op te laai nie.
- (3) Geen minibus-taxi of bus sal toegelaat word om te stop terwyl dit bedryf word nie, tensy dit in 'n afgebakende plek of halte is.

Afdeling 6: Ongemagtigde gebruik van minibus-taxi- of busstaanplekke en -haltes

- (1) Net die bestuurder van 'n minibus-taxi of bus waarvoor 'n minibus-taxi- of bus-permit om 'n staanplek of halte te gebruik onder die Verordeninge uitgereik is, sal veroorsaak of toelaat dat die genoemde voertuig die gespesifiseerde staanplek of halte te eniger tyd gebruik (op voorwaarde dat hierdie beperking nie van toepassing sal wees op 'n minibus-taxi of bus, waarvan die ver-vanging of afwisseling kragtens Afdeling 14 gemagtig is nie)
- (2) Dit sal vir enige persoon onwettig wees om enige minibus-taxi of bus waarvoor 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit-skyf kragtens hierdie Verordeninge uit-gereik is, by enige staanplek of halte of op enige ander plek te stop as by die minibus-taxi- of busstaanplek en -haltes wat daaraan toegewys is en op hierdie minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf gespesifiseer is.
- (3) Die bestuurder van 'n minibus-taxi of bus sal by hierdie voertuig aanwesig bly gedurende die tyd dat dit sodanige staanplek of halte beset.

Afdeling 7: Die Raad se aanspreeklikheid

Die Raad sal op geen manier aanspreeklik wees vir:

- (1) Die verlies van of skade aan enige voertuig of enige toebehore of inhoud van so 'n voertuig wat geparkeer is by of stilgehou is by enige halte of bestuur is in, deur of uit enige staanplek of halte nie;
- (2) Enige sterfte, besering, skade of verlies (insluitende voortvloeiende verlies) wat gely is deur enigiemand in enige staanplek of halte nie.

Afdeling 8: Toemaking van minibus-taxi- of bus-staanplek

- (1) Die Raad sal die reg hê om enige staanplek wat onder hierdie Verordeninge opgerig is, tydelik toe te maak en om, indien nodig, iewers anders 'n ander tydelike staanplek in die plek daarvan op te rig. Sulke tydelike toe-making en oprigting sal as bewerkstellig geag word deur die vertoning van kennisgewings daarvan by of naby die betrokke staanplek en gedurende so 'n tydelike toemaking sal enige minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf wat uit-gereik is ten opsigte van die staanplek wat so toegemaak is, geldig geag word vir die staanplek wat in die plek daarvan opgerig is.
- (2) Geen regte wat deur die houer van enige minibus-taxi- of busstaanplek-permit onder hierdie Verordeninge besit word, sal die Raad verhinder om enige staanplek wat hieronder opgerig is, permanent toe te maak of te verwyder of om hierdie Verordeninge te wysig nie. Dit is egter op voorwaarde dat geen staanplek permanent toegemaak of verwyder sal word tot ná die verval van

drie maande se skriftelike kennisgewing aan die houers van enige geldige skywe wat daarvoor uitgereik is kragtens hierdie Verordeninge nie, behalwe in 'n nood-geval, en enige fooie wat betaal is, sal pro-rata terugbetaal word.

DEEL 3: STAANPLEKPERMITTE

Afdeling 9: Aansoek om minibus-taxi- of busstaanplek-permit

- (1) Die eienaar/operateur sal, in same-werking met die Taxi/Vervoervereniging wat in die gebied werksaam is, skriftelik by die Munisipale Bestuurder aansoek doen om enige minibus-taxi- of busstaanplek te gebruik. Hierdie aansoek sal gedoen word in die vorm wat deur die Raad voorgeskryf word.
- (2) Alle minibus-taxi's of busse waarvoor daar om 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit aansoek gedoen word, moet die volgende hê:
 - (a) 'n Geldige SVG (Sertifikaat van Geskiktheid);
 - (b) 'n LRTB-permit of toestemming om 'n diens te bedryf kragtens die Padverkeerswet of enige wetgewing wat dit vervang;
 - (c) Die eienaar se naam en adres op 'n leesbare, permanente en opsigtelike wyse aan die linkerkant van die voertuig aangebring;
 - (d) Die bestemming moet aan die voorkant van die voertuig vertoon word;
 - (e) Bewyse van registrasie by die Provisiale Registrateur waar dit van toepassing is;
 - (f) Die voertuig se vervoerkapasiteit moet vertoon word.
- (3) 'n Fooi wat deur die Raad gespesifiseer en van tyd tot tyd hersien sal word, sal betaalbaar wees met betrekking tot elke minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat toegewys word, op voorwaarde dat, wanneer 'n aansoek om 'n nuwe minibus-taxi- of busstaanplek-permit toe-gestaan word, die bedrag gebaseer sal wees op die pro-rata tydperk wat oor is vir die gebruik van die staanplek gedurende die huidige jaar, wat tot op die naaste maand bereken sal word.

Afdeling 10: Uitreiking van minibus-taxi- of busstaanplek-permitte

- (1) Dit is die verantwoordelikheid van die Raad om minibus-taxi- of busstaanplek-permitte toe te staan, wat sekere voorwaardes met betrekking tot die voertuig kan insluit, soos wat dit nodig word, soos:
 - (a) Om enige voertuig tot 'n sekere laaizone of oorsaanplek te beperk;
 - (b) Om die ure waarin enige staanplek gebruik kan word, te beperk;
 - (c) Om die aantal voertuie te spesifiseer wat enige gedeelte van die staanplek kan gebruik;
 - (d) Om die roete wat die minibus-taxi of bus moet gebruik, te spesifiseer;
 - (e) Enige ander voorwaarde om 'n billike toewysing van die staanplek te verseker of om versperring en opeenhoping van voertuie en passasiers te vermy of om die behoorlike reëling van verkeer te verseker.
- (2) Wanneer 'n aansoek om 'n staanplek te gebruik, ook al toegestaan word, sal daar 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit en genummerde minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf aan die aan-soeker uitgereik word, waarvan die ont-werp deur die Raad goedgekeur is en wat op die voorkant die registrasienommer van die minibus-taxi of bus vertoon en waar dit van toepassing is die staanpleknommer en beskrywing waar-voor die gebruik daarvan gemagtig is;
- (3) 'n Minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat nie binne 3 maande toegewys word nie, sal verval, tensy 'n verlenging van tyd aangevra is en deur die Raad goedgekeur is. 'n Minibus-taxi- of busstaanplek-permit sal slegs geldig wees vir die tydperk wat daarop aangegee word.
- (4) 'n Minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat kragtens hierdie Verordeninge uit-gereik is, sal nie aan enige ander persoon oorgedra word nie, behalwe met die geskrewe goedkeuring van die Raad.
- (5) Die Raad mag, na goeddunke daarvan, 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit-skyf vervang wat verlore geraak het of wat beskadig is as 'n fooi betaal word, soos voorgeskryf deur 'n beslissing van die Raad, en 'n beëdigde verklaring in-gehandig word wat die omstandighede uiteensit waaronder die permit verloor of beskadig is.

Afdeling 11: Minibus-taxi- of busstaanplek-permit moet byderhand gehou word en minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf moet vertoon word

- (1) Die minibus-taxi- of busstaanplek-permit moet te alle tye byderhand gehou word in die minibus-taxi of bus waarvoor dit uitgereik is. Die bestuurder van die ge-noemde voertuig moet op aanvraag die genoemde minibus-taxi- of busstaanplek-permit toon aan enige Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte. Versuim om die genoemde minibus-taxi- of busstaanplek-permit op aanvraag te toon, sal die bestuurder skuldig maak aan 'n oortreding.
- (2) 'n Minibus-taxi- of busstaanplek-permit-skyf wat kragtens Afdeling 10 van hierdie Verordeninge uitgereik is, moet te alle tye vertoon word in 'n weerbestande houer aan die linkerkant van die voorruit van die minibus-taxi of bus waarvoor dit uitgereik is, en dit moet duidelik leesbaar en sigbaar wees van buite die ge-noemde voertuig. Versuim om so 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permitskyf te vertoon, soos vereis word deur hierdie Verordening, sal die bestuurder, operateur en eienaar van so 'n voertuig skuldig maak aan 'n oortreding.

Afdeling 12: Verval en hernuwing van minibus-taxi- of busstaanplek-permit

- (1) Geen minibus-taxi- of busstaanplek-permit sal langer as 'n jaar geldig wees nie.
'n Minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat kragtens hierdie Verordeninge uitgereik is, sal elke jaar op die laaste dag van Julie verval. Aansoeke om die hernuwing van 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit vir die volgende jaar sal voor die 1^{ste} dag van Desember in elke jaar by die Raad gedoen word op dieselfde manier as wat bepaal word in Afdeling 9 van hierdie Verordeninge.
- (2) Geen aansoek vir die hernuwing van 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit sal aanvaar word ná 3 maande vanaf die vervaldatum nie, tensy 'n geskrewe aansoek, in samewerking met die Taxi/Vervoervereniging wat in die gebied werksaam is, om 'n verlenging gedoen is by en aanvaar is deur die Raad.
- (3) 'n Aansoek vir die hernuwing van 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat nie voor die vervaldatum hernu is nie, kan na goeëdunke van die Raad, as 'n nuwe aansoek behandel word.

Afdeling 13: Mag om aansoek om minibus-taxi- of busstaanplek-permit te weier of dit te kanselleer

- (1) Die Raad sal die reg hê om enige minibus-taxi- of busstaanplek-permit te kanselleer of te weier om dit hernu of om dit toe te staan as:
 - (a) Die voertuigvervoerder-vrystel-ingsertifikaat waarmee die mini-bus-taxi- of busstaanplek-permit verband hou, gekanselleer of teruggetrek is of nie hernu is nie;
 - (b) Die minibus-taxi- of busstaanplek-permit toegestaan is op grond van verkeerde inligting wat deur die aansoeker verskaf is;
 - (c) Die minibus-taxi- of busopera-teur skuldig bevind is aan oortredings wat verband hou met die Padverkeerswet of die Verordeninge wat hom 'n persoon maak wat ongeskik is om in die openbare vervoer-sektor bedrywig te wees;
 - (d) As die aansoek om hernuwing van die minibus-taxi- of busstaanplek-permit nie voor die vervaldatum daarvan ingedien word nie;
 - (e) Daar geen minibus-taxi- of busstaanplek-spasie beskikbaar is nie;
 - (f) Die bestuurder van die voertuig waarmee die permit verband hou, nie 'n geldige bestuurderslisensie vir die betrokke klas voertuig het nie of hy besit nie 'n geldige professionele bestuurderspermit soos bepaal word in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996);
 - (g) Die voertuig nie verseker is nie soos kragtens Afdeling 20 vereis word.
- (2) Die kansellering of opskorting van 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit kragtens hierdie afdeling sal die houer nie die reg gee op enige terugbetaling met betrekking tot die fooi wat betaal is nie.

Afdeling 14: Mag om die vervanging van minibus-taxi of bus te magtig

- (1) As die minibus-taxi of bus waarvoor 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit uitgereik is, te eniger tyd herstel word, of as die eienaar daarvan dit vir enige rede so wil hê, kan die Raad die vervanging van 'n ander minibus-taxi of bus, tydelik of vir die duur van die minibus-taxi- of busstaanplek-permit, magtig, op voorwaarde dat die genoemde minibus-taxi- of busstaanplek-permithouer ook die eienaar van die minibus-taxi of bus is en die voorgeskrewe administrasie fooi, volgens die Raad se beslissing, betaal het. Die minibus-taxi- of busstaanplek-permithouer moet sy minibus-taxi- of busstaanplek-permit teruggee sodat 'n nuwe een uitgereik kan word, op voorwaarde dat, in die geval van 'n verlore minibus-taxi- of busstaanplek-permit, 'n beëdigde verklaring ingedien word.
- (2) Nieteenstaande die bepalings van hierdie Verordeninge, kan die Raad die houer van 'n minibus-taxi- of busstaanplek-permit magtig om die minibus-taxi of bus wat met daardie minibus-taxi- of busstaanplek-permit verband hou, af te wissel met enige ander minibus-taxi of bus van dieselfde tipe wat deur hom besit word of aan dieselfde vereniging behoort waar die Openbare Padvervoerder-permitte wat aan hom uitgereik is kragtens die Padvervoerwet, 1977, toelaat dat so 'n minibus-taxi of bus afgewissel word, op voorwaarde dat die totale aantal minibus-taxi's of busse wat deur die houer besit word en enige minibus-taxi- of busstaanplek op enige spesifieke dag gebruik, nie die totale aantal minibus-taxi- of busstaanplek-permitte sal oorskry wat aan so 'n houer uitgereik is met betrekking tot daardie minibus-taxi- of busstaanplek nie.

Afdeling 15: Oordraagbaarheid van minibus-taxi- of busstaanplek-permit na 'n ander minibus-taxi- of busstaanplek

Onderworpe aan die bepalings, *mutatis mutandis*, van Afdeling 9 en 10, kan 'n huidige minibus-taxi- of bus-permit, wanneer die houer daarvan hiervoor aansoek doen by die Raad en dit goedgekeur word, oorgedra word sonder die betaling van enige addisionele fooi na 'n ander minibus-taxi- of busstaanplek, en hierdie oordraging sal op die minibus-taxi- of busstaanplek-permit geëndosseer word, waarna die minibus-taxi- of busstaanplek-permit vir alle doeleindes van hierdie Verordeninge beskou sal word as dat dit uitgereik is met betrekking tot die mini-bus-taxi- of busstaanplek waarna dit oorgedra is.

DEEL 4: OPERATEUR/BESTUURDER SE GEDRAGSKODE**Afdeling 16: Bestuurders moet Verordeninge en Instruksies van Gemagtigde Beampte of Polisiebeamptes gehoorsaam**

- (1) Die bestuurder of ander persoon in beheer van enige minibus-taxi of bus sal die regte uitoefen wat verleen word deur die minibus-taxi- of busstaanplek-permit wat genoemde voertuig magtig om spesifieke staanplekke en/of haltes te gebruik met gepaste inagneming van die regte en gemak van passasiers en ander minibus-taxi's of busse wat gematig is om die staanplek te gebruik; en sal, buiten dat hy die vereistes van hierdie verordeninge nakom, alle regmatige instruksies of seine gehoorsaam wat deur enige Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte gegee word;
- (2) Vir hierdie Verordeninge, word Gemagtigde Beamptes of Polisiebeamptes hier-deur gemagtig om instruksies of seine te gee wat nodig kan wees om die versperring en opeenhoping van voertuie of passasiers te vermy en vir die behoorlike reëling van verkeer by of naby die staanplek.

Afdeling 17: Ongemagtigde gedrag op 'n openbare pad of by 'n staanplek

- (1) Geen bestuurder of persoon in beheer van enige minibus-taxi of bus sal op 'n openbare pad stop waar minibus-taxi- of bushaltes of -staanplekke bestaan nie, met die doel om teen huur te ry of om passasiers op of af te laai of om enige passasier of voornemende passasier toe te laat om in of uit so 'n minibus-taxi of bus te klim behalwe by 'n staanplek of halte wat kragtens hierdie Verordeninge opgerig is waar sulke fasiliteite langs die pad bestaan;
- (2) Geen persoon sal passasiers werf, dringend versoek of lok vir enige mini-bus-taxi of bus deur rond te drentel, uit te roep, toeter te blaas of op hoege-naamd enige ander manier nie;
- (3) Geen persoon sal 'n minibus-taxi of bus op 'n openbare pad bedryf op enige manier wat enige oordadige geraas veroorsaak nie wat vermy kan word deurdat hy redelike versigtigheid aan die dag lê;
- (4) Geen persoon sal enige minibus-taxi of bus op enige openbare pad of staanplek binne die Raad se jurisdiksiegebied was nie, behalwe binne 'n afgebakende wasarea wat deur die Raad voorsien kan word, na goeddunke daarvan;
- (5) Geen persoon sal enige minibus-taxi of bus op enige openbare pad, staanplek of plek binne die Raad se jurisdiksiegebied herstel nie, op voorwaarde dat hierdie Verordening nie die uitvoering van geringe herstelwerk sal verbied nie wat noodsaak word deur 'n tydelike of skielike stilstand van hierdie minibus-taxi of bus met die doel om hierdie voertuig in beweging te bring.
Geen persoon sonder 'n geldige bestuurderslisensie sal toegelaat word om 'n taxi binne of buite 'n taxistaanplek te bestuur nie

Afdeling 18: Vertoning van bestemming

Wanneer enige bus na die gemagtigde minibus-taxi- of busstaanplek daarvan gaan, moet die bestuurder van hierdie voertuig seker maak dat die bestemming waarheen dit oppad is, duidelik op die voorkant van die voertuig vertoon word.

Afdeling 19: Skoonheid van voertuig en perseel

- (a) Elke persoon wat enige minibus-taxi of bus in die Raad se jurisdiksiegebied bedryf, sal die voertuig skoon, netjies en in 'n werkende toestand hou.
- (b) Elke vereniging wat vanaf 'n minibus-taxi- of busstaanplek werksaam is, sal daarvoor verantwoordelik wees dat daardie minibus-taxi- of busstaanplek skoon gehou word.

Afdeling 20: Versekering

Die eienaar of operateur van 'n minibus-taxi of bus sal enige sodanige voertuig waarvoor 'n staanplek-permit vereis word van allesom-vattende versekering voorsien, en alle passasiers en hulle besittings van versekering met betrekking tot openbare aanspreeklikheid soos vereis word deur die wet, voordat enige staanplek-permit toegestaan en uitgereik sal word, en hy sal bewyse hiervan verskaf soos wat vereis kan word deur die Raad.

DEEL 5: PASSASIERE SE GEDRAGSKODE**Afdeling 21: Inklim in en uitklim uit minibus-taxi's of busse**

- (1) Elke passasier sal in 'n minibus-taxi of bus inklim of daaruit uitklim deur die ingang wat voorsien word;
- (2) Geen persoon sal in 'n minibus-taxi of bus inklim totdat alle persone wat uit die minibus-taxi of bus wil uitklim, dit gedoen het nie;
- (3) Dit sal vir enige persoon 'n oortreding wees om in enige minibus-taxi of bus in te klim of te probeer inklim waarin daar reeds die totale aantal passasiers is wat dit gemagtig is om te vervoer;
- (4) Op roetes waar haltes of staanplekke voorsien word, sal geen persoon in enige minibus-taxi of bus inklim of probeer inklim, daaruit uitklim of probeer uitklim by enige punt langs die pad nie behalwe by 'n toegewese minibus-taxi- of bushalte of -staanplek, as minibus-taxi- of bushaltes of -staanplekke langs die pad bestaan;

- (5) Geen persoon sal in enige minibus-taxi of bus inklim of probeer inklim of daaruit uitklim of probeer uitklim terwyl so 'n voertuig beweeg nie.

Afdeling 22: Rye en rybeamptes

- (1) Die Raad kan by enige minibus-taxi- of busstaanplek wat kragtens hierdie Ver-ordeninge opgerig is, rytekens aanbring of laat aanbring wat bestaan uit 'n kennisgewingbord wat aandui waar en hoe mense wat wag om in 'n minibus-taxi of bus in te klim, moet stop en 'n ry moet vorm, en hierdie teken kan moontlik aangevul word deur ryversperrings in die vorm van reëlings of lyne wat ge-merk is op die oppervlak van die area wat vir ryvorming afgebaken sal word.
- (2) Mense wat in enige voertuig wil inklim by enige terminus of ander halte waar ryversperrings opgerig is, sal 'n ry vorm by en vanaf die punt vanwaar dit aangedui word dat hierdie voertuig sal vertrek;
- (3) Waar geen ryteken aangebring is nie, sal mense wat by of naby enige minibus-taxi- of busstaanplek of -halte wag met die doel om in 'n minibus-taxi of bus in te klim, in 'n ry staan met nie meer as twee langs mekaar nie, of agter mekaar wan-neer dit vereis word deur enige Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte;
- (4) Mense wat in so 'n ry gaan staan, sal voorkeur gee en neem volgens hulle aankoms daar. Geen persoon sal voor enigiemand anders in 'n ry gaan staan wat voorkeur bo hom geniet nie;
- (5) Geen persoon sal in enige voertuig by enige minibus-taxi- of busstaanplek of halte inklim tensy dit uit 'n ry is nie (behalwe as daar geen ander persone wag om in die voertuig in te klim nie), en geen persoon sal voor enigiemand anders in 'n ry gaan staan wat voorkeur bo hom geniet nie;
- (6) Elke persoon wat in enige ry staan of in enige minibus-taxi of bus inklim of probeer inklim by enige minibus-taxi- of busstaanplek waar 'n ry gevorm het, sal alle instruksies nakom wat deur enige Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte gegee word wat moontlik nodig is om die ry te beheer of om die versperring van voertuig- of voetgangerverkeer te verhoed;
- (7) 'n Rybeampte wat by enige staanplek werk, moet duidelik uitkenbaar wees en moet sy of haar naam op 'n opsigtelike wyse op sy of haar klere onder die linkerskouer vertoon;
- (8) 'n Rybeampte moet sy of haar pligte op 'n hofflike en beleefde manier nakom en respek toon teenoor elke passasier;
- (9) Waar 'n rybeampte beheer uitoefen oor wie in 'n taxi of bus inklim, moet hy of sy nie toelaat dat meer passasiers as die aantal wat deur die wet toegelaat word, in so 'n voertuig inklim nie.

Afdeling 23: Betaling van passasiersgeld: Passasier se verantwoordelikheid om betaling te doen
Elke passasier sal die wetlike passasiersgeld vir die rit betaal.

DEEL 6: STAANPLEKBESTUURDER

Afdeling 24: Behoeftes aan staanplekbestuurder

- (1) Die taxi-/busstaanplekke in die munisi-paliteit is onder die beheer van die Raad en waar 'n taxistaanplek, volgens die mening van een of meer taxiverenigings, die aanstelling van 'n staanplekbestuurder regverdig, kan die Raad, na raad-pleging met alle verenigings en ander rolspelers wat hierdie staanplek gebruik, besluit of die aanstelling van 'n staanplekbestuurder nodig is;
- (2) Die Raad vereis die volgende data met betrekking tot die aanstelling van 'n Staanplekbestuurder wat deur die Taxivereniging/Busmaatskappy op skrif ingedien moet word:
 - (a) Naam van die Taxivereniging of Busmaatskappy;
 - (b) Volle name van die voorsitter of eienaar;
 - (c) Kontakbesonderhede: Telefoon en adres;
 - (d) Die naam van die staanplek waarvoor die aansoek gedoen word;
 - (e) Volle name van die voorgestelde Staanplekbestuurder;
 - (f) Die identiteitsnommer van die voorgestelde Staanplekbestuurder;
 - (g) Die aantal gemagtigde taxi's of busse wat die staanplek gebruik;
 - (h) Die name van en aantal ander verenigings/busmaatskappye wat die staanplek gebruik;
 - (i) Die vereniging/eienaar se vol-ledige redes waarom hulle 'n staanplekbestuurder wil aanstel;
 - (j) 'n Getekende onderneming deur die vereniging of eienaar dat die vereniging/eienaar en staanplekbestuurder, indien aangestel, sal bly by enige voorwaardes wat deur die Raad voorgeskryf mag word wanneer dit goedkeuring gee en dat sulke bestuurders nie sal inmeng met die bedrywig-hede, voertuie, bestuurders, passasiers en beamptes van ander verenigings/eienaars be-halwe om sy pligte uit te voer nie, en hy sal ook nie enige spanning tussen enige van die bogenoemdes veroorsaak nie.
Die Raad se goedkeuring sal nie sonder goeie rede weerhou word nie.

Afdeling 25: Die rol van staanplekbestuurders

Enige Staanplekbestuurder wat kragtens hierdie afdeling aangestel word, sal:

- (a) die ingang in en uitgang uit die staan-plek beheer van enige taxi of bus wat die staanplek gebruik om te verseker dat geen opeenhoping by hierdie ingang- of uitgangspunte, of op ander plekke in die staanplek, ontstaan nie;
- (b) redelikerwys die gedrag van mense bin-ne die grense van die staanplek beheer;
- (c) aanwysings gee aan enigiemand wat 'n taxi of bus wil gebruik met betrekking tot waar die taxi of bus is soos aangevra deur daardie persoon;
- (d) die maksimum wetlike aantal passasiers aan enige enkele taxi of bus toewys en nie toelaat dat sulke voertuie oorlaai word nie;
- (e) probeer om as bemiddelaar op te tree in enige twis of geskil tussen handelaars, voetgangers, passasiers of bestuurders met betrekking tot die toewysing of gebruik van enige spasie in die staan-plek, en as dit nie suksesvol is nie, met 'n beampte van die Beskermingsdiens in aanraking kom om die insident te rapporteer en om orde te herstel;
- (f) sonder om homself in gevaar te stel, probeer om die dra van enige vuur-wapen deur enige bestuurder, operateur of passasier te ontmoedig en enige insidente met betrekking tot vuurwapens by die SAPD of 'n Gemagtigde Beampte aanmeld;
- (g) verseker dat rye wat gevorm word deur passasiers wat wag om in taxi's of busse in te klim, gevorm word in ooreenstem-ming met enige van die bepalings van Afdeling 22 van hierdie Verordeninge;
- (h) verseker dat enige rye gevorm word op die manier wat deur hom aangedui word en op die plekke wat deur hom aangedui word;
- (i) verseker dat enige mense in rye nie inmeng met enige ander gebruikers van die staanplek nie en nie enige loopgang of sygaardjie versper sodat ander voet-gangers of passasiers dit nie kan gebruik nie;
- (j) verseker dat mense in rye op 'n ordelike manier in hulle taxi of bus inklim, op 'n grondslag van wie eerste daar is, kan eerste inklim;
- (k) verseker dat passasiers wat in rye staan of wat in enige deel van die staanplek wag, nie enige rommel op enige ander plek weggooi as in asblikke wat vir dié doel voorsien is nie, en met die bedryfs-voorman reël dat hierdie asblikke ge-reeld of wanneer dit vol is, deur die Raad leeggemaak word;
- (l) verseker dat geen taxi of bus gewas of skoongemaak word nie, behalwe in enige area wat vir hierdie doeleinde afgebaken is, en dat geen dienste of herstelwerk in die staanplek uitgevoer word nie, buiten dringende herstelwerk wat nodig is om die bestuurder in staat te stel om die taxi na 'n behoorlike herstelwerkswinkel te skuif;
- (m) aan die bedryfsvoorman of sy verteen-woordiger verslag lewer oor die skoon-heid van die genewe by die staanplek en deur middel van hierdie beampte ver-seker dat hierdie geriewe gereeld of wanneer dit in 'n onhigiëniese toestand is, skoongemaak word, of dat noodsaak-like herstelwerk gerapporteer en opge-volg word;
- (n) verseker dat die taxi's of busse in die zones of area geparkeer is wat aan hulle toegewys is. Enige voortgaande onreël-matighede moet onder die aandag gebring word van enige skuldige in die geval van 'n eerste oortreding of onder die aandag van die Raad se Besker-mingsdiens of Verkeersafdeling in die geval van herhaalde insidente sodat dit opgelos kan word. Op geen stadium moet die Staanplekbestuurder of -opsig-ter by enige argument of konfrontasie met enige derde party betrokke raak nie;
- (o) verseker dat geen passasier toegelaat word om in 'n taxi of bus in te klim wat vir hom lyk of dit enigins onklaar is sodat dit onpadwaardig is nie, en die bestuurder se aandag vestig op enige skynbare fout(e) met 'n versoek dat dit reggestel word;
- (p) onderneem om met 'n Gemagtigde Beampte te skakel in verband met enige ander plig of pligte waarvoor hy meen hy verantwoordelik moet wees of oor enige van die bogenoemde klousules wat vir hom enige oormatige probleme veroor-saak;
- (q) indien vergoeding betaal gaan word, deur die vereniging vergoed word wat sy of haar aanstelling aangevra het.

Afdeling 26: Verwydering van staanplekbestuurder

In die geval van enige aanhoudende versuim om aan enige van die bogenoemde voorwaardes te voldoen deur enige Staanplekbestuurder, kan die Raad, na raadpleging met die Taxi-vereniging of busmaatskappy deur wie hy aangestel is, die aanstelling van die skuldige Staanplekbestuurder laat kanselleer, en in daardie geval sal hy stil en sonder hindernis die staanplek onder bespreking verlaat.

DEEL 7: ALGEMEEN

Afdeling 27: Regte en pligte van passasiers wanneer minibus-taxi of bus onklaar raak

As 'n minibus-taxi of bus te eniger tyd onklaar raak of weens watter oorsaak ookal nie verder kan gaan nie, sal die passasiers op versoek van die bestuurder of kondukteur hierdie voertuig verlaat, en as hierdie passasiers hulle passa-siersgeld betaal het, sal hulle die reg hê om of die bedrag van hulle passasiersgeld wat betaal is, terug te eis, of toegelaat te word om met die

volgende minibus-taxi of bus wat beskikbaar is, te reis, waarvoor die onklaar minibus-taxi of bus se bestuurder of kondukteur sal betaal, vir die res van die afstand waarvoor hulle hulle passasiersgeld betaal het.

Afdeling 28: Gevaarlike of aanstootlik artikels

Persone wat in enige minibus-taxi of bus ry met enige artikel, instrument of implement wat as gevaarlik of aanstootlik beskou kan word deur die passasiers, bestuurder, kondukteur of Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte, kan verwyder word.

Afdeling 29: Diere

Die bestuurder of kondukteur van enige minibus-taxi of bus of Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte kan te eniger tyd weier om enige dier op hierdie minibus-taxi toe te laat, wat na sy mening waarskynlik steuring vir enige passasiers sal veroorsaak of kan te eniger tyd 'n passasier vra om sodanige dier wat steuring veroorsaak, te verwyder, op voorwaarde dat sy passasiersgeld terugbetaal word.

Afdeling 30: Optrede wat op 'n minibus-taxi of bus verbied word

Die volgende optrede word op 'n minibus-taxi of bus verbied:

- (a) Rook, indien dit deur kennisgewings verbied word;
- (b) Om aanstootlike of uitermatig harde musiek te speel
- (c) Om vuil of aanstootlike taal te gebruik;
- (d) Om dit vir enige passasier ongemaklik te maak;
- (e) Om enige minibus-taxi of bus of die toebehore daarvan te beskadig;
- (f) Om op enige manier met die toerusting van die minibus-taxi of bus in te meng;
- (g) Om die bestuurder te dwing om van sy roete af te wyk.

Enige persoon wat hom aan enige van die bogenoemde optrede skuldig maak, sal, buiten dat hy of sy die straf opgelê sal word wat hierin bepaal word, sy of haar passasiersgeld verloor en sonder versuim uit die minibus-taxi of bus verwyder word.

Afdeling 31: Oproerige of onwelveoglike gedrag

Enigiemand wat 'n versteuring veroorsaak of wat oproerig of onwelveoglik optree, sal hom skuldig maak aan 'n oortreding en kan uit 'n minibus-taxi of bus, 'n ry of uit die omgewing van 'n minibus-taxi- of busstaanplek verwyder word deur enige Gemagtigde Beampte of Polisiebeampte.

Afdeling 32: Skade aan munisipale eiendom word verbied

Geen persoon sal enige munisipale eiendom beskadig, ontsier, skend, vernietig of op enige ander manier daarmee inmeng nie.

Afdeling 33: Oortredings en straf en appèlle

- (1) Enige voertuig wat geparkeer of gestop word:
 - (i) in oortreding van enige van die Verordeninge; of
 - (ii) wat uitstaande dagvaardigings of lasbriewe vir inhegtenisne-ming teen die eienaar of bestuurder het; of
 - (iii) wat onpadwaardig is.
- (2) Versuim om te voldoen aan die bepalings van enige voorwaarde of kennisgewing waarna daar in onder-afdeling (1) hierbo verwys is, sal 'n voortgesette oortreding uitmaak en iemand wat versuim om te voldoen aan die bepalings van sodanige voorwaarde of kennisgewing, sal skuldig wees aan 'n aparte oortreding vir elke dag wat hy versuim om aan hierdie bepalings te voldoen.
- (3) Die Bepalings van die Raad se Verordeninge met betrekking tot oortredings en straf en appèlle sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op hierdie Verordeninge.

Afdeling 34: Herroeping van vorige Verordeninge

Vorige Verordeninge van die Raad wat verband hou met die regulering van minibus-taxi's en busse tesame met enige wysigings daaraan word hiermee herroep.

No. 15

20 kuMbaso 2012

UMASIPALA WASE-ENDUMENI

IMITHESHWANA EPATHELENE NOKULAWULA AMAKHUMBI NAMABHASI1. Ukusebenza KweMitheshwana

Le mitheshwana iyosebnza kuwo wonke amatekisi/ amakhumbi noma amabhasi omphakathi asebenza eMikhandlwini yaMasipala waseNdumeni

Inombolo yekhasi

INGXENYE 1 IZINCAZELO

INGXENYE 2 UKWAKHIWA NOKULAWULWA KWAMARENKE NEZITOBHI ZAMAKHUMBI NAMABHASI

- Isigaba 1: Ukwakhiwa Kwamarenke Nezitobhi Zamakhumbi Namabhasi
 Isigaba 2: Ukukhonjwa Kwamarenke Nezitobhi Zamakhumbi Namabhasi
 Isigaba 3: Ukuklama Emarenke Amakhumbi noma Amabhasi
 Isigaba 4: Ukwabiwa Kwamarenke Nezitobhi Zamakhumbi Noma Zamabhasi
 Isigaba 5: Isikhathi Sokulinda Nokuma Kwamakhumbi Namabhasi Emarenke Nasezitobhini
 Isigaba 6: Ukugunyaza ukusebenzisa Amarenke Nezitobhi Zamakhumbi Noma Zamabhasi
 Isigaba 7: Isibopho SoMkhandlu Ngokomthetho
 Isigaba 8: Ukuvalwa Kwerenke Yamakhumbi Noma Amabhasi

INGXENYE 3 IZIMVUME ZAMARENKE

- Isigaba 9: Izicelo Zezimvume Zamarenke Zamakhumbi Noma Amabhasi
 Isigaba 10: Ukukhipha Izimvume Zamarenke Zamakhumbi Noma Amabhasi
 Isigaba 11: Imvume Yerenke Yekhumbi Noma Yebhasi Okumele Iphathwe Nediski Yemvume Yerenke Yekhumbi Noma Yebhasi Okumele Itshengiswe
 Isigaba 12: Ukuphelelwa Ysikhathi Nokuvuselelwa Kwemvume Yerenke Yekhumbi Noma Yebhasi
 Isigaba 13: Amandla Okwenqaba Noma Okwesula Isicelo Semvume Yerenke Yekhumbi Noma Yebhasi
 Isigaba 14: Amandla Okugunyaza Ukufaka Enye Ikhumbi noma Ibhasi Endaweni Yenye
 Isigaba 15: Ukudlulisela Imvume Yerenke Yamakhumbi noma Yamabhasi Kwelinye Irenke Yamakhumbi Noma Yamabhasi

